

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

20c

Tuesday 2 October 1979

WINDHOEK

Dinsdag 2 Oktober 1979

No. 4026

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
*Secretary of the National Assembly
of South West Africa*

Windhoek

No. AG. 94

2 October 1979

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979), is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 11 of 1979 Rates of Normal Tax (Companies) Act, 1979

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
*Sekretaris van die Nasionale Vergadering
van Suidwes-Afrika*

Windhoek

No. AG. 94

2 Oktober 1979

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 11 van 1979 Wet op Skale van Normale Belasting (Maatskappye), 1979

Act No. 11, 1979 RATES OF NORMAL TAX (COMPANIES) ACT, 1979

*(English text signed by the Administrator-General on
24 September 1979)*

ACT

To fix the rates of normal tax payable by companies in respect of taxable incomes for years of assessment ending during the period of twelve months ending on 31 March 1980; and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

Rates of normal tax.

1. (1) The rates of normal tax to be levied in terms of section 5(2) of the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962) (hereinafter referred to as the principal Act), in respect of the taxable income derived by any company from sources within or deemed to be within the territory during any year of assessment ending during the period of twelve months ending on 31 March 1980, shall be as follows —

- (a) on each rand of the taxable income of any company (excluding taxable income derived from mining operations and taxable income referred to in paragraph (c)), thirty-five cents: Provided that there shall be added to the amount of tax calculated in accordance with the preceding provisions of this paragraph a surcharge equal to five per cent of such amount;
- (b) on each rand of the taxable income derived by any company from mining for gold (but with the exclusion of so much of the taxable income as the Secretary determines to be attributable to the inclusion in the gross income of any amount referred to in paragraph (j) of the definition of "gross income" in section 1 of the principal Act), a percentage determined in accordance with the formula:

$$y = 60 - \frac{480}{x}$$

in which formula (and in the formulae set out in the first proviso hereto) y represents such percentage and x the ratio expressed as a percentage which the taxable income so derived (with the said exclusion)

WET OP SKALE VAN NORMALE BELASTING (MAATSKAPPYE), 1979 Wet No. 11, 1979

(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 24 September 1979)

WET

Tot vasstelling van die skale van normale belasting betaalbaar deur maatskappye ten opsigte van belasbare inkomstes vir jare van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van twaalf maande eindigende op 31 Maart 1980; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

1. (1) Die skale van normale belasting wat ingevolge artikel 5(2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962) (hieronder die Hoofwet genoem), gehef moet word ten opsigte van die belasbare inkomste deur 'n maatskappy verkry uit bronne in die gebied of geag in die gebied te wees gedurende 'n jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van twaalf maande eindigende op 31 Maart 1980, is soos volg —

Skale van normale belasting.

- (a) op elke rand van die belasbare inkomste van 'n maatskappy (met uitsondering van belasbare inkomste uit mynwerksaamhede verkry en belasbare inkomste in paragraaf (c) bedoel), vyf-en-dertig sent: Met dien verstande dat daar by die bedrag van belasting bereken ooreenkomstig die voorgaande bepaling van hierdie paragraaf 'n toeslag gevoeg word gelyk aan vyf persent van bedoelde bedrag;
- (b) op elke rand van die belasbare inkomste wat verkry word deur 'n maatskappy uit die myn van goud (maar met uitsluiting van soveel van die belasbare inkomste as wat volgens vasstelling van die Sekretaris toe te skryf is aan die inrekening by bruto inkomste van 'n bedrag bedoel in paragraaf (j) van die omskrywing van "bruto inkomste" in artikel 1 van die Hoofwet), 'n persentasie vasgestel ooreenkomstig die formule:

$$y = 60 - \frac{480}{x}$$

in welke formule (asook in die formules in die eerste voorbehoudsbepaling hierby uiteengesit) y bedoelde persentasie voorstel en x die verhouding, as 'n persentasie uitgedruk, waarin die aldus verkreeë

Act No. 11, 1979 RATES OF NORMAL TAX (COMPANIES) ACT, 1979

bears to the income so derived (with the said exclusion): Provided that if the taxable income so derived (with the said exclusion) does not exceed forty thousand rand, the rate of tax shall not exceed a percentage determined in accordance with the formula:

$$y = 20\left(1 - \frac{8}{x}\right),$$

and if such taxable income exceeds forty thousand rand, the rate of tax shall not exceed a percentage determined in accordance with a formula arrived at by increasing the number 20 in the formula

$$y = 20\left(1 - \frac{8}{x}\right),$$

by one for each completed amount of two thousand five hundred rand by which the said taxable income exceeds forty thousand rand: Provided further that there shall be added to the amount of tax calculated in accordance with the preceding provisions of this paragraph a surcharge equal to five per cent of such amount;

- (c) on each rand of the taxable income of any company, the sole or principal business of which in the territory is or has been mining for gold and the determination of the taxable income of which for the period assessed does not result in an assessed loss, which the Secretary determines to be attributable to the inclusion in its gross income of any amount referred to in paragraph (j) of the definition of "gross income" in section 1 of the principal Act, a rate equal to the average rate of normal tax or thirty-five cents, whichever is higher: Provided that for the purposes of this paragraph, the average rate of normal tax shall be determined by dividing the total normal tax (excluding the tax determined in accordance with this paragraph for the period assessed) paid by the company in respect of its aggregate taxable income from gold mining for the period 1 July 1916 to the end of the period assessed, by the number of rands contained in the said aggregate taxable income;
- (d) on each rand of the taxable income derived by any company from mining for diamonds, forty-five cents: Provided that there shall be added to the amount of tax calculated in accordance with the preceding provisions of this paragraph a surcharge equal to five per cent of such amount;

WET OP SKALE VAN NORMALE BELASTING (MAATSKAPPE), 1979 Wet No. 11, 1979

belasbare inkomste (met genoemde uitsluiting) staan tot die aldus verkreë inkomste (met genoemde uitsluiting): Met dien verstande dat indien die aldus verkreë belasbare inkomste (met genoemde uitsluiting) nie meer as veertigduisend rand bedra nie, die belastingskaal nie hoër is nie as 'n persentasie vasgestel ooreenkomstig die formule:

$$y = 20\left(1 - \frac{8}{x}\right),$$

en indien bedoelde belasbare inkomste meer as veertigduisend rand bedra, die belastingskaal nie hoër is nie as 'n persentasie vasgestel ooreenkomstig 'n formule wat verkry word deur die getal 20 in die formule

$$y = 20\left(1 - \frac{8}{x}\right)$$

te verhoog met een vir elke volle bedrag van tweeduusend vyfhonderd rand wat genoemde belasbare inkomste meer as veertigduisend rand bedra: Met dien verstande voorts dat daar by die bedrag van belasting bereken ooreenkomstig die voorgaande bepalings van hierdie paragraaf 'n toeslag gevoeg word gelyk aan vyf persent van bedoelde bedrag;

- (c) op elke rand van die belasbare inkomste van 'n maatskappy wie se enigste of vernaamste besigheid in die gebied die myn van goud is of was en die vasstelling van die belasbare inkomste van wie vir die tydperk van aanslag nie op 'n vasgestelde verlies uitloop nie, wat volgens vasstelling van die Sekretaris toe te skryf is aan die inrekening by sy bruto inkomste van 'n bedrag bedoel in paragraaf (j) van die omskrywing van "bruto inkomste" in artikel 1 van die Hoofwet, 'n skaal gelyk aan die gemiddelde skaal van normale belasting of vyf-en-dertig sent, watter ook al die hoogste is: Met dien verstande dat vir die doeleindes van hierdie paragraaf die gemiddelde skaal van normale belasting vasgestel word deur die totale normale belasting (met uitsondering van die belasting wat vir die tydperk van aanslag ooreenkomstig hierdie paragraaf vasgestel is) wat deur die maatskappy betaal is ten opsigte van sy totale belasbare inkomste uit die myn van goud vir die tydperk vanaf 1 Julie 1916 tot die end van die tydperk waarvoor aangeslaan word, te deel met die getal rande wat genoemde totale belasbare inkomste bevat;
- (d) op elke rand van die belasbare inkomste wat deur 'n maatskappy uit die myn van diamante verkry word, vyf-en-veertig sent: Met dien verstande dat daar by die bedrag van belasting bereken ooreenkomstig die voorgaande bepalings van hierdie paragraaf 'n toeslag gevoeg word gelyk aan vyf persent van bedoelde bedrag;

Act No. 11, 1979 RATES OF NORMAL TAX (COMPANIES) ACT, 1979

- (e) on each rand of the taxable income derived by any company from mining operations (other than mining for gold or diamonds), thirty-five cents: Provided that there shall be added to the amount of tax calculated in accordance with the preceding provisions of this paragraph a surcharge equal to five per cent of such amount;

- (f) in respect of the taxable income of any company (excluding taxable income derived from mining for gold or diamonds), a sum equal to fifteen per cent of the aggregate of the amounts of tax determined in terms of paragraphs (a) and (e), before the addition of the surcharges referred to in the proviso to paragraph (a) and the proviso to paragraph (e): Provided that any fraction of a rand of the tax calculated in terms of this paragraph shall be disregarded: Provided further that the tax calculated in terms of this paragraph shall not be payable by any company whose liability in terms of this paragraph would, but for this proviso, be less than five rand;

- (g) in respect of the taxable income of any company derived from mining for gold or diamonds, a sum equal to ten per cent of the aggregate of the amounts of tax determined in terms of paragraphs (b) and (d) before the addition of the surcharges referred to in the proviso to paragraph (b) and the proviso to paragraph (d): Provided that any fraction of a rand of the tax calculated in terms of this paragraph shall be disregarded: Provided further that the tax calculated in terms of this paragraph shall not be payable by any company whose liability in terms of this paragraph would, but for this proviso, be less than five rand.

(2) The tax determined in accordance with any of the paragraphs of subsection (1) shall be payable in addition to the tax determined in accordance with any other of the said paragraphs.

(3) Notwithstanding the provisions of section 5(1) of the principal Act, but subject to the provisions of any law providing for the payment of moneys into any revenue fund (other than the Central Revenue Fund or the Revenue Fund of the territory), a portion equal to one-seventh of any amount of tax calculated in accordance with paragraph (a) of subsection (1), before the addition of the surcharge referred to in the proviso to the said paragraph, shall accrue for

WET OP SKALE VAN NORMALE BELASTING (MAATSKAPPE), 1979 Wet No. 11, 1979

- (e) op elke rand van die belasbare inkomste wat deur 'n maatskappy verkry word uit mynwerkzaamhede (behalwe die myn van goud of diamante), vyf-en-dertig sent: Met dien verstande dat daar by die bedrag van belasting bereken ooreenkomstig die voorgaande bepalings van hierdie paragraaf 'n toeslag gevoeg word gelyk aan vyf persent van bedoelde bedrag;
- (f) ten opsigte van die belasbare inkomste van 'n maatskappy (met uitsondering van belasbare inkomste uit die myn van goud of diamante verkry), 'n som gelyk aan vyftien persent van die totaal van die bedrae van belasting wat ingevolge paragrafe (a) en (e) vasgestel is, voor die byvoeging van die toeslae bedoel in die voorbehoudsbepaling by paragraaf (a) en die voorbehoudsbepaling by paragraaf (e): Met dien verstande dat 'n breukdeel van 'n rand in die belasting ingevolge hierdie paragraaf bereken, buite rekening gelaat word: Met dien verstande voorts dat die belasting ingevolge hierdie paragraaf bereken, nie betaalbaar is nie deur 'n maatskappy wie se aanspreeklikheid ingevolge hierdie paragraaf, by ontstentenis van hierdie voorbehoudsbepaling, minder as vyf rand sou wees;
- (g) ten opsigte van die belasbare inkomste van 'n maatskappy wat uit die myn van goud of diamante verkry word, 'n som gelyk aan tien persent van die totaal van die bedrae van belasting wat ingevolge paragrafe (b) en (d) vasgestel is, voor die byvoeging van die toeslae bedoel in die voorbehoudsbepaling by paragraaf (b) en die voorbehoudsbepaling by paragraaf (d): Met dien verstande dat 'n breukdeel van 'n rand in die belasting ingevolge hierdie paragraaf bereken, buite rekening gelaat word: Met dien verstande voorts dat die belasting ingevolge hierdie paragraaf bereken, nie betaalbaar is nie deur 'n maatskappy wie se aanspreeklikheid ingevolge hierdie paragraaf, by ontstentenis van hierdie voorbehoudsbepaling, minder as vyf rand sou wees.

(2) Die belasting ooreenkomstig enige van die paragrafe van subartikel (1) vasgestel, is betaalbaar benewens die belasting ooreenkomstig enige ander van genoemde paragrafe vasgestel.

(3) Ondanks die bepalings van artikel 5(1) van die Hoofwet, maar behoudens die bepalings van die een of ander wet wat voorsiening maak vir die storting van gelde in 'n inkomstefonds (behalwe die Sentrale Inkomstefonds of die Inkomstefonds van die gebied), val 'n gedeelte gelyk aan een-sewende van 'n bedrag van belasting bereken ooreenkomstig paragraaf (a) van subartikel (1), voor die byvoeging van die toeslag bedoel in die voorbehoudsbepaling by bedoelde paragraaf, toe ten bate van die Inkomstefonds van die gebied, en word dit in genoemde fonds gestort

Act No. 11, 1979 RATES OF NORMAL TAX (COMPANIES) ACT, 1979

the benefit of the Revenue Fund of the territory and shall be paid into the said fund as provided by section 22(2)(c) of the South West Africa Affairs Act, 1969 (Act 25 of 1969).

(4) The portion of the normal tax determined in accordance with the provisions of subsection (1)(f) and (g) shall be a loan portion of that tax.

(5) The rates of tax fixed by subsection (1) shall be deemed to be fixed in accordance with section 5(2) of the principal Act, read with the Executive Powers (Inland Revenue) Transfer Proclamation, 1978 (Proclamation AG. 18 of 1978).

(6) In this section, unless the context indicates otherwise, any word or expression to which a meaning has been assigned in the principal Act bears the meaning so assigned thereto.

Short title and commencement.

2. This Act shall be called the Rates of Normal Tax (Companies) Act, 1979, and shall be deemed to have come into operation on 1 April 1979.

WET OP SKALE VAN NORMALE BELASTING (MAATSKAPPYE), 1979 Wet No. 11, 1979

volgens voorskrif van artikel 22(2)(c) van die Wet op Aangeleenthede met betrekking tot Suidwes-Afrika, 1969 (Wet 25 van 1969).

(4) Die gedeelte van die normale belasting wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1)(f) en (g) vasgestel is, is 'n leningsgedeelte van daardie belasting.

(5) Die belastingskale by subartikel (1) vasgestel, word geag ooreenkomstig artikel 5(2) van die Hoofwet, saamgelees met die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Binnelandse Inkomste), 1978 (Proklamasie AG. 18 van 1978), vasgestel te wees.

(6) In hierdie artikel, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan daar in die Hoofwet 'n betekenis toegeskryf is, die betekenis aldus daaraan toegeskryf.

2. Hierdie Wet heet die Wet op Skale van Normale Belasting (Maatskappye), 1979, en word geag op 1 April 1979 in werking te getree het.

Kort titel en inwerking-treding.